# AEVL BELEID
# Universiteit Stellenbosch

## ’n Beleid vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL)
## Oktober 2011
## Hersiening: 2016 vir implementering in 2017

### 1. Konseptualisering

Die assessering en erkenning van vorige leer (AEVL) word deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO, 1997) beskryf as die assessering van leer wat reeds by ’n individu (leerder) plaasgevind het (hetsy deur vorige formele studie, werk- en/of lewenservaring) soos geldig en betroubaar deur kundiges beoordeel teen die leeruitkomste van ’n bepaalde kwalifikasie, leerprogram of module/leereenheid vir doeleindes van toegang tot of erkenning binne ’n leerprogram. Een meer formele definisie (Nasionale Standaarde-liggame Regulasie nr. 18787 van 28 Maart 1998) lui: “*Recognition of prior learning means the comparison of the previous learning and experience of a learner* ***howsoever obtained*** *against the learning outcomes required for a specific qualification, and the acceptance for purposes of qualification of that which meets the requirements*”.

### 2. Waarde

Die US erken die waarde van AEVL soos beliggaam in die doel daarvan, nl. om primêr die toeganklikheid van hoëronderwysinstellings in die algemeen en leerprogramme aan die US in besonder binne ’n raamwerk van gehalteversekering te verhoog. Groter toeganklikheid het hier veral betrekking op individue wat vroeër deur sistemiese of ander beperkings geleenthede tot formele leeromgewings ontneem is, maar bewys kan lewer dat hulle nou op ‘n bepaalde vlak aan sodanige leergeleenthede kan deelneem of in retrospek daarvoor erkenning kan ontvang. AEVL vergestalt ’n konkrete manifestasie van die Universiteit se *leitmotif* van hoop binne hierdie konteks.

### 3. Doelstellings

Hoewel toeganklikheid ’n primêre oogmerk is, erken die US ook die volgende belangrike doelstellings van AEVL:

3.1 Plasing – om via assessering ’n toepaslike toegangsvlak tot ’n leer- en onderrigprogram vir ’n individu te bepaal;
3.2 Versnelde status – om aan ’n individu toegang te verleen tot ’n leer- en onderrigprogram op ’n NKR-vlak wat volg op ‘n kwalifikasie wat reeds behaal is;
3.3 Versnelde stand – om krediete toe te ken vir ’n gedeelte van ’n leerprogram waarvoor ’n individu registreer op grond van AEVL ;
3.4 Kreditering – om oordraagbare krediete binne bepaalde beperkinge* toe te ken vir leer wat in geheel aan die vereistes van ‘n module of gedeeltelik aan die vereistes van ’n leerprogram of ’n kwalifikasie voldoen.

---

* (1) minstens 50% van die krediete vir ‘nleer- en onderrigprogram moet aan die US aangebied word;
(2) slegs die krediete wat gedurende die voorafgaande 5 jaar behaal is sal in die reël as oordraagbaar erken word.

## 4. Beginsels en standpunte

In ooreenstemming met die waardes uiteengesit in sy Strategiese Raamwerk, onderskryf die US die volgende beginsels oor AEVL:

4.1 Billikheid en regverdigheid teenoor alle aansoekers;
4.2 Geldigheid en betroubaarheid van assesseringsinstrumente en -prosedures;
4.3 Uitvoerbaarheid (ingesluit kostedoeltreffendheid) van AEVL-prosesse en prosedures.

Hierbenewens beskou die US die volgende standpunte oor AEVL as van besondere belang:

4.4 Dat in alle gevalle erkenning vir bewese leer, en nie vir ervaring *per sé* nie, verleen word;
4.5 Dat maatreëls getref word om te verhoed dat daar in meer as een omgewing aan die US vir dieselfde bewese leer erkenning verleen word (krediet vir bewese leer mag dus nie gedupliseer word nie en ’n sentrale databasis sal waarskynlik nodig wees om moontlike duplisering te verhoed);
4.6 Dat die assessering van leer vir die doeleindes van AEVL aan ooreenstemmende standaarde voldoen (d.w.s. nie hoër of laer nie) as leerassessering normaalweg aan die US;
4.7 Dat AEVL prosesse en prosedures deurgaans die integriteit van standaarde, kwalifikasies en programme eerbiedig ;
4.8 Dat die US die kernwaardes van die voortdurende ontwikkeling van individue, lewenslange leer en die regstelling van ongelykhede onderskryf;
4.9 Dat die US ’n hoë premie plaas op toepaslike inligting aan, die voorbereiding van en begeleiding aan AEVL applikante en assessore (kyk par.6.4 vir ‘n beleidspunt oor die koste-implikasies);
4.10 Dat die beginsel van aanpasbaarheid/soepelheid in die toepassing van die AEVL-beleid in verskillende akademiese omgewings (fakulteite, programme en departemente) geld;
4.11 Dat die US in die implementering van AEVL ‘n ontwikkelings- en inkrementele benadering volg ten einde ‘n pasgemaakte AEVL-model daar te stel;
4.12 Dat erkenning van vorige leer vir ‘n maksimum van drie jaar verleen word. Indien ’n aansoeker dus nie binne drie jaar van die erkenning wat deur die US verleen is gebruik maak nie, moet daar van nuuts af aansoek gedoen word;
4.13 Dat in die geval van aansoek om die erkenning van leeruitkomstes, kredietverlening vir modules as geheel gedoen word en nie vir gedeeltes van modules nie. ’n Volle leermodule is dus die kleinste leereenheid waarvoor krediet binne AEVL aan die US verleen sal word. Fakulteite besluit diskresionêr in gevalle waar dit om meer as leermodules (byvoorbeeld leeruitkomstes oor leermodules heen) gaan.

## 5. Erkenning van bestaande vorme van AEVL

Op voorgraadse vlak is ’n omvangryke toegangsplan (Toegang met sukses: ’n Nuwe toegangsmodel, Junie 2003) reeds deur die US Senaat aanvaar op 22 Augustus 2003. Hierin word die bestaande kriteria vir toelating, aanvullende toegangsmaatreëls en ’n loodsprojek vir nuwe toegangsmaatreëls beskryf. Die US aanvaar derhalwe dat alle AEVL aansoeke in die lig van hierdie maatreëls hanteer word en dat AEVL aansoeke in die lig

van hierdie maatreëls hanteer word en dat AEVL procedures op veral voorgraadse vlak die vereistes van die US se toegangsplan eerbiedig.

Die US het egter ook strategies gekies om toenemend as navorsingsgerigte instelling te presteer en derhalwe maak dit sin om, wat AEVL betref, op die nagraadse vlak te fokus. Nagraadse toegangs- en slaagvereistes verskil grootliks van program tot program, is veral gerig op bewese navorsingskompetensie en kan derhalwe makliker deur die uniekhede van akademiese omgewings geakkommodeer word. Die US aanvaar dus dat AEVL aan hierdie universiteit op nagraadse, eerder as voorgraadse vlak voorrang sal geniet.

Vorme van AEVL wat tans in fakulteite aan die US bestaan sluit die volgende in:

5.1 Toegangsassesseringsinstrumente (byvoorbeeld: toegangs- of plasingstoetse en uitdaageksamens wat veral kwantitatief geassesseer word);
5.2 Leerportefeuljes (byvoorbeeld: die applikant lê ’n uitgebreide stel dokumente en/of ander bewyse voor om sy/haar vorige leer te illustreer. Hierdie dokumentasie word kwalitatief deur kundige akademiese personeel van die US beoordeel);
5.3 “Voorwaardelike” toegang (byvoorbeeld: ’n student word as ’n spesiale toelating hanteer en dan toegelaat om hom-/haarself in ‘n leerprogram “in te presteer”);
5.4 Aanvullende werk vooraf (byvoorbeeld: ‘n student word toegelaat tot ’n leerprogram op voorwaarde dat hy/sy aanvullende werk voor toetrede tot ’n leerprogram volgens bepaalde verwagtinge afhandel);
5.5 Aanvullende werk gedurende die leerprogram (byvoorbeeld: ’n student word toegelaat met die voorwaarde dat hy/sy aanvullende werk gedurende die verloop van ’n leerprogram doen);
5.6 Erkenning van formele leer in die vorm van gedeeltes of die geheel van leerprogramme wat aan ander instellings geneem of voltooi is (byvoorbeeld: diplomas of –grade van universiteite van tegnologie);
5.7 Erkenning van formele leer in die vorm van professionele kortkursusse, indiensopleidingskursusse, ens. (byvoorbeeld: leer wat nie as ’n kwalifikasie of gedeelte daarvan deur ’n ander hoëronderwysinstelling gesertifiseer is nie);
5.8 Erkenning van nie-formele of informele leer (byvoorbeeld: leer wat in werk- of ander omgewings plaasgevind het op inisiatief van die individu).

Waar hierdie AEVL meganismes reeds gevestig is en goed funksioneer, behoort dit voort te gaan en kwalitatief verder verfyn te word. Fakulteite besluit egter deurgaans self aan watter vorme van AEVL voorkeur verleen word in die lig van die kontekstuele veranderlikes.

## 6. Prosedures

Die toepassing van die AEVL beleid en die toekenning van krediete vir bewese vorige leer berus by fakulteite en hul programkomitees. Dit word aanvaar dat fakulteite voldoende inligting oor AEVL aan applikante en moontlike applikante bekendmaak via dokumentasie soos ’n prospektus vir aansoekers, programbemarkingsmateriaal en waar toepaslik, kursus- en modulehandleidings.

Hierbenewens word ook aanvaar dat elke fakulteit sal beskik oor

6.1 ’n duidelik-omskrewe AEVL-proses wat deur die fakulteit goedgekeur is (vgl. Bylae 1 vir ’n voorbeeld van ’n generiese AEVL proses);

6.2 geskikte personeel wat AEVL aansoeke kan fasiliteer, administreer en assesseer (daar behoort ook saam met ondersteuningspersoneel, soos byvoorbeeld personeel van die Internasionale Kantoor, saamgewerk te word in hierdie verband);
6.3 meganismes vir die ondersteuning van en terugvoering aan applikante (met die nodige administratiewe ondersteuning en op ‘n eenvormige wyse tussen departemente hanteer);
6.4 redelike en duidelike parameters in verband met die koste vir dienste gelewer met betrekking tot AEVL aansoek-, begeleidings- en assesseringsprosedures soos jaarliks vasgestel (die koste verbonde aan AEVL is dus vir die rekening van aansoekers);
6.5 riglyne aan applikante rakende die vereistes van assesseringsinstrumente (byvoorbeeld die riglyne vir leerportefeuljes, wyses waarop toetse, eksamens, onderhoude, en ander fakulteitstoepaslike instrumentasie hanteer word);
6.6 riglyne op grond waarvan appél deur onsuksesvolle applikante hanteer kan word of alternatiewe moontlikhede van studie wat onsuksesvolle applikante sou kon benut.

## 7. Gehalteversekering

Die gehalteversekering en voortdurende ontwikkeling van AEVL aan die US word gemonitor deur fakulteite en hul programkomitees. Gehalteversekering van AEVL vorm deel van die deurlopende proses van programontwikkeling. Aanspreeklikheid vir die gehalte van AEVL aan die US setel finaal by die Vise-Rektor (Onderrig) soos ondersteun deur die Afdeling: Akademiese Beplanning en Gehalteversekering aan die US. Die bestuurspan van die rektor is aan die US aanspreeklik vir die regmatige klem wat AEVL in die visie, missie en strategiese beplanning van die instelling kry.

**Senaatsbesluite (25/11/2011) dat hierdie beleid aanvaar word en oorweeg word vir hersiening in 2016, met die oog op implementering in 2017.**

Bylae1

# ’n Voorbeeld van ‘n generiese AEVL proses (1)

**AEVL fasiliteerder ontmoet applikant vir vooraf-evaluering om die moontlike sukses van ’n aansoek te bepaal (2)**

Indien die moontlikheid op suksesvolle aansoek **laag** is (m.a.w. die applikant voldoen nie aan minimum-vereistes nie) word die applikant na alternatiewe studieroetes verwys

**Indien die moontlikheid op suksesvolle aansoek hoog is word die volgende met die applikant gefasiliteer (3) tydens ’n voor-assesseringsfase (4)**

- Ontwikkeling van ’n leerportefeulje
- Persoonlike voorligting
- Oriëntering aan assesseringsinstrumentasie
- Begeleiding om leer te demonstreer.

Die *assesseerder* en die applikant kom ooreen op ’n assesseringsplan, wat insluit

- Standaarde en vereistes;
- Soorte bewyse wat benodig word;
- Finalisering van assesseringsinstrumentasie; (5)
- Datums en skedulering van assessering.

**Assesseringsfase:**
Applikant word ge-assesseer via

- toets / uitdaageksamen;
- portefeulje;
- onderhoud;
- artifakte, ens.

**Beoordelingsfase: Leerbewyse word deur assessor beoordeel**

Modereringsfase

Terugvoeringsfase

**Krediet of toegang nie verleen nie**

Krediet of toegang verleen

Appélprosedure kan geïnisieer word

Ná-assesserings-ondersteuning en kanalisering

VERWANTE AEVL ASPEKTE WAT AANVAAR WORD IN PLEK TE WEES

(1) AEVL beleid en prosedures is uitgeklaar en inligting oor AEVL is aan applikante beskikbaar.

**(2) Die fakulteit beskik oor ’n stel kriteria waarmee vooraf-evaluering (pre-screening) kan plaasvind. Applikante weet wat hierdie kriteria is.**

(3) ’n AEVL fasiliteerder is op hoogte met alternatiewe studie-opsies en beskik oor voorligtingsvaardighede.

(4) Dit is uiters belangrik dat applikante voorberei word vir assessering deur bekwame personeel. Waar fasiliteerders nie beskikbaar is nie word aanvaar dat assesseerders hierdie taak sal vervul.

(5) Assesseringsinstrumente word gereken as dat dit aan geldigheids-, betroubaarheids- en ander toepaslike kriteria voldoen.

**(Vergelyk ook die beleidsdokument van die NKR: “Criteria and guidelines for the implementation of recognition of prior learning”, 13 Augustus 2003. Let asseblief daarop dat hierdie slegs ‘n VOORBEELD is en dat fakulteite hierdie proses kan vereenvoudig na gelang van spesifieke behoeftes en beperkinge)**